Wanneer God nie sin maak nie

Pieter Badenhorst

Die afgelope tyd is ons almal by Lewensverryking Seminare stil geskok met die wrede moord op twee van ons geliefde spanlede, Christo en Mari-Lou Cloete. Hier by ons in Florauna gemeente is ons ook nog gekonfronteer met die dood van ‘n tienerseun, verkragting, ‘n geweldige toename in dwelm-misbruik en selfmoordpogings onder tieners. Ek weet dat die Nelspruiters ook die afgelope tyd ‘n paar noodlottige motorongelukke, waarin tieners betrokke was, beleef het.

Ewe skielik is ek teruggeplaas in die werklikheid van my eie belewenis met my ma se moord. Ek het dieselfde skok, verbystering, woede, verslaenheid, twyfel- en ongeloofsvrae beleef en gehoor, net soos destyds: Hoekom hulle? Waarom so wreed? Waar was God? Hy kon dit mos gekeer het? Hoe kan ‘n God van liefde dit aan sy kinders doen? Ens., ens., ens.

Hierdie is nie ‘n poging om antwoorde op alles te gee nie. Ek deel maar net met julle ‘n paar perspektiewe uit my eie leerervaring saam met die Here die afgelope jare. Ek bid dat die Here vir my en jou wat lees nooit sal ophou leer nie – al is dit soms pynlik, moeilik, swaar - en dat ons deur al die menslik onverstaanbare swaar nooit sal ophou hoop nie.

In Matt. 10 stuur Jesus sy dissipels uit om in die ryp oeslande (vs5) te gaan werk. Vanaf vers 16 waarsku Hy hulle dat dit nie noodwendig goed sal gaan nie. Ek haal aan uit Die Boodskap: *Moenie dink alles sal altyd net goed gaan nie. Die gevare en probleme is groot en baie. Dit is byna so gevaarlik soos ‘n herder wat sy skape deur ‘n bos lei waar dit wemel van die luiperds en leeus... Die mense gaan vir julle baie probleme gee. Net omdat julle aan my kant is, sal hulle julle sommer in die tronk wil gooi. Hulle sal julle op die lelikste moontlike maniere voor almal slegsê. En dit is nie al nie. Hulle sal julle by die polisie gaan aankla asof julle boewe is... Die ergste van alles het Ek julle nog nie vertel nie... Dit sal tot gebeur dat ‘n broer teen sy eie broer draai, of ‘n pa teen sy kind... Hulle sal selfs wil hê dat hulle doodgemaak moet word. Julle wil seker weet waarom dit alles met julle moet gebeur? Wel, die antwoord is eenvoudig: omdat julle my vriende is* (Lees asb. die hele gedeelte van vs 16 tot 42 in Die Boodskap).

Jy sien, om Christen te wees, Jesus te volg, beteken dus nie *smooth* lewe sonder krisisse nie. Ons kan tog so veg en onsself beywer vir geluk en vrede en as ons dit nie beleef op ons terme nie, dan bal ons die vuiste hemelwaarts en beskuldig die Here. In Joh 18:36 sê Jesus: *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.* Na aanleiding hiervan skryf Max Lucado: *Ongelukkigheid op aarde kweek ‘n honger na die hemel. Deur ons te begenadig met ‘n diep ontevredenheid behou God ons aandag. Die enigste tragedie is dus om te gou tevrede te wees; die aarde te aanvaar; tuis te wees in ‘n vreemde land. Ons is nie hier gelukkig nie, want ons is nie hier tuis nie. Ons is nie hier gelukkig nie, want ons is nie veronderstel om hier gelukkig te wees nie.* Ons is vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld (vgl 1 Pet 2:11). Jy sal nooit heeltemal gelukkig wees op aarde nie eenvoudig omdat jy nie vir die aarde gemaak is nie. Ja, jy sal jou oomblikke van vreugde hê. Jy sal nou en dan lig sien. Jy sal oomblikke of selfs dae van vrede geniet. Maar hulle vergelyk eenvoudig net nie met die geluk wat op ons wag nie.

Nou hoe nou gemaak met die ellende as dit my tref? En die tergende vraag: wie het die moeilikheid oor my gebring? Is dit God wat my straf/ toets/ louter? Is dit die duiwel? Is dit deur my eie toedoen/ nalatigheid/ sonde? Leon Fouché skryf hieroor: *Hoe kan God liefde wees as hy die haat, die onreg, die geweld, die ontsaglike lyding in die wêreld nie keer nie? Watter mens sal regtig die antwoord op dié eeue oue én hedendaagse vraag weet? Miskien kan 'n mens net sê dat ons denke hieroor nog moet vrykom van Aristoteles se begrip dat God die Eerste Oorsaak van alles is.* Want nie alles wat gebeur, is toe te skryf aan God as die oorsaak daarvan, of gebeur omdat God lyding om die een of ander rede wíl hê nie. Selfs om te sê dat God lyding toelaat, help ons nie regtig nie. Daarom is Daniël Louw se siening van God se inlatende wil so bevrydend. Dié siening erken kwaad as 'n raaisel, as deel van hierdie gebroke wêreld, maar probeer nie om dit te verklaar of 'n oorsaak daarvoor te soek nie. Dit fokus eerder op die bevrydende van dit wat die evangelie sê: dat God Hom inlaat by ons nood – die nood wat raaiselagtig oor ons kom en die nood wat ander op ons lê en die nood wat ons uit domme selfsug oor onsself bring. Al wat ons seker weet, is dít: God is liefde! Dit blyk daaruit dat hy sy Seun gestuur het om ons sonde te versoen. So laat God Hom in by ons lyding – en Hy is by wanneer ons ly – tot ons bevryding en hoop. Thomas Merton het gesê: C*hristene word nie van lyding vrygeskeld nie.* Ons moet daarom leer om lyding in die oë te kyk sonder om ons daaraan oor te gee. Ons wat Christus volg, het immers die hoop van die kruis. Om met dié hoop te leef midde-in die pyn van die lewe, is die wildernis wat elke Christen daagliks moet deur. Maar juis dáár is Christus by ons. Dis tog ook presies wat die Here beloof in Jes 43:2,3: *As jy deur die water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie, want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder.*

In hierdie verband is die laaste verse van Heb. 11 amper angswekkend. In hierdie hoofstuk word vertel van die geloofshelde van die Bybel en hoe hulle in swaar tye gelowig vasgehou het aan die Here en die oorwinning behaal het. Nou kan 'n mens sê dat die meeste van hierdie ouens darem aan die anderkant van die tonnel weer die lig gesien het, maar vir my voel dit of dit nog my hele lewe lank net donkerte is. Hoe kan 'n mens bly glo? Die laaste verse van Heb. 11 vertel juis van sulke mense. Vers 36-38 vertel van hulle verskriklike lyding en dan lees ons in vs 37: *En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie, omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.*

In sy boek **Shattered Dreams** skryf Larry Crab dat ons tog nie emosieloos diskreet deur ons pyn en donker tye hoef te gaan nie. Ons moet ook nie mense in hulle worsteling met die Here afskryf of bepreek nie. Loop die pad saam en weet en glo deur die worsteling hoop en vreugde is op pad. Hou onwrikbaar vas aan die belofte dat God ALLES ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. Crab sê dat ons in ons sg ontkenning en onderdrukking van ons pyn eerder Boeddisties as Christelik is!

Boedda se *four noble thruths* is:

Truth 1: Life is suffering. There is always, in everyone's life, a gap between desire and reality. The gap is suffering.

Truth 2: The cause of all suffering is desire. People suffer because they desire what they do not experience.

Truth 3: The way to end suffering is to end desire. Want nothing, then nothing can disturb you.
Truth 4: Spend your life learning to eliminate desire.

Jesus directs us to a different path. When He tells His followers to not let their hearts be troubled, He does not intend for us to deaden desire. Quite the opposite. His teaching might be summarised this way:
Truth 1: Life includes suffering, but life is good. In this world his followers and everyone else will suffer tribulation. But Jesus has made a way for us to satisfy our deepest desire in the midst of unrelieved pain.

Truth 2: The cause of all suffering is separation. We are separated from God – and from our own deepest desire, our longing for God – and we're therefore deceived into looking elsewhere for joy. That sets us off on the ultimate wild goose chase. Nothing but God satisfies our most profound desire.

Truth 3: The way to handle suffering is to discover your desire for God.
Then everything, both good and bad, becomes redemptive. It moves us toward the God we desire. Enter your thirst. Feel your ache, the very worst ache that throbs in your soul. Face how you harm others, your spouse, your children, your friends. And face your is appointent with them.

Eventually, you wil seek God for...
- forgiveness of your failure to love
- the love you desire
- empowerment to love others
- hope that one day you will revel in love freely given and freely received in a perfect community of lovers

Truth 4: The new life provided through Jesus must be accepted as a gift of life. We then spend the rest of our days discovering our desire to know God better, and we come to realize it's a desire whose satisfaction no shattered dream can thwart.

When you hurt, hurt. Hurt openly in the presence of God. Hurt openly in the presence of the few who provide you with safe community. Feel your pain. Regard brokenness as an opportunity, as the chance to discover a desire that no brokenness can eliminate but that only brokenness reveals. Remember what brokenness is. It's the awareness that you long to be someone you're not and cannot be without divine help.